| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **420/04**
Datum gelewer: / Date delivered: **03/09/2004**

In die saak van:

**DIE STAAT**

teen

**HERBERT, SADIA SHERYL**

*Coram*: *Majiedt R et Lacock R*

---

## UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

---

**LACOCK R:**

1] Die beskuldigde is in die Distrikshof van Kimberley skuldig bevind aan *crimen injuria* en, luidens die oorkonde, as volg gevonnis:

> *"You are fined R300.00 (Three hundred Rand) payable to inspector Johannes Makame. That amount of money you pay in by the Court and the Court will …(inaudible) the person."*

Op die J15 dekblad tot die oorkonde is die vonnis die beskuldigde opgelÍ op hierdie aanklag as volg verwoord:

> "Charge 2: fine R300.00 payable to insp. Johannes Makame. Compensatory order granted."

2] Nadat hierdie saak onder die aandag van die waarnemende hooflanddros van Kimberley gebring is, het hy dit na die Griffier verwys met die volgende versoek:

> "Dit sal waardeer word indien die bogemelde strafsaak, hierby aangeheg, aan Sy Edele die Hersieningsregter voorgelÍ sal word vir spesiale hersiening. Die rede daarvoor is as volg:
>
> *Die beskuldigde is in die plaaslike distrikshof onder andere, skuldig bevind aan Crimen Injuria deur waarnemende addisionele landdros S. Jacobs. Vir die oortreding is die beskuldigde op 14 Maart 2003 soos volg gevonnis: 'charge 2: you are fined R300-00 (three hundred rand) payable to inspector Johannes Mochane' – vide pagina 55 van die getranskribeerde oorkonde. Hierdie vonnis verskyn ook op die oorspronklike klagstaat (J15) wat per hand deur die waarnemende landdros voltooi is. By hierdie handgeskrewe vonnis het die landdros ook die woorde 'compensatory order granted' bygevoeg. Dit blyk derhalwe dat die waarnemende landdros slegs 'n vergoedende boete bevel vir die besondere oortreding gemaak het. Sy het nie die beskuldigde vir die betrokke oortreding gevonnis nie. Die betrokke waarnemende landdros se dienste te Kimberley is sedertdien beëindig.*

*Die probleem wat nou, met nagaan van die saak, ondervind word is tweeledig nl.:*

(a) *Die beskuldigde is nog nie gevonnis vir die oortreding nie.*

(b) *Die oplegging van die vergoedende boete is kennelik foutief aangesien dit duidelik is volgens die notule van die verrigtinge dat daar geen basis daarvoor gelê is nie. Die warnemende landdros het nooit aan die beskuldigde (wat nie verteenwoordig was nie) of die aanklaer te kenne gegee dat sy so 'n vergoedende boete oorweeg nie en nóg die beskuldigde nóg die aanklaer het die geleentheid gehad om getuienis aan te bied of die hof toe te spreek met betrekking tot die moontlike oplê van 'n vergoedende boete nie.*

*Onder die omstandighede word derhalwe gevra dat Sy Edele die*

*Hersieningsregter die vergoedingsbevel ter syde stel en te gelas dat die saak na die distrikshof terugverwys word vir die oplegging van 'n gepaste vonnis."*

Die versoek van die hersiening en ter sydestelling van die vonnis is nie alleen geregverdig nie, maar is noodsaaklik. Die *"vonnis"* die beskuldigde opgelÍ is duidelik nie ooreenkomstig die reg nie.

3] Die beskuldigde is skuldig bevind aan *crimen injuria* deurdat sy die klaer, 'n polisiebeampte, in die aanklagkantoor van die Roodepan polisiestasie en terwyl sy onder die invloed van drank was, erg beledig en in uiters onwelvoeglike taal aangespreek het in die teenwoordigheid van minstens een ander persoon. Daar is geen getuienis wat daarop dui dat sy skade aan of verlies van goed behorende aan die klaer (inspekteur Johannes Makame) veroorsaak het nie.

[31] Indien die Landdros dus beoog het om 'n vergoedingsbevel kragtens art 300 van die Strafproseswet, nr 51 van 1977 (die Wet), te maak, was sy – by gebreke aan getuienis dat die beskuldigde die klaer enige verlies of skade aan goed berokken het – nie bevoeg om so 'n bevel te verleen nie. Die artikel leen hom eenvoudig nie tot die toekenning van genoegdoening of algemene skade gely weens die aantasting van die *fama* of *dignitas* van 'n ander nie. Sien **S v Liberty Shipping and Forwarding &**

**Others 1982 (4) SA 281 (D) te 284 H tot 285 B**:

> "The proposition that the 'damage' in question is not limited to damage to property but encompasses all kinds of damage means, if it is sound, that a Court convicting someone of assault, rape, crimen injuria or criminal defamation may itself proceed to award the victim general damages as compensation for the injury to person, dignity or reputation he or she has suffered. Never, as far as I am aware, has such an award been made or even sought under s 300 (1) or either of its predecessors. The likelihood that Parliament had this in mind does not seem strong. It postulates an enquiry of the sort and scope making it an unsuitable epilogue to criminal proceedings." en verder,
>
> "I hold, it follows, that the only damage for which compensation is claimable under s 300 (1) is damage to property, and that the section does not cover any other damage which is suffered."
> (te 286G)

[32] Sou die Landdros beoog het om die klaer skadeloos te stel kragtens die voorskrifte van art 297 (1)(a)(i)(aa) van die Wet, het sy eweneens 'n mistasting begaan. Skadeloosstelling kragtens hierdie artikel kan alleen geskied indien (a) die oplÍ van vonnis vir 'n bepaalde periode uitgestel word en skadeloosstelling as 'n voorwaarde tot vrylating gelas word; of (b) die opgelegde vonnis in geheel of gedeeltelik opgeskort word en skadeloosstelling as 'n voorwaarde opgelÍ word.

In *casu* het die Landdros nóg die oplegging van vonnis

uitgestel, nóg ‘n vonnis opgelÍ wat hetsy in geheel of gedeeltelik opgeskort is. Trouens, die Landdros het die beskuldigde geen vonnis opgelÍ nie.

[33] Uit hoofde van die voorgaande alleen was die sogenaamde *“compensatory order”* soos deur die Landdros gelas, *ultra vires* haar bevoegdhede, en moet dit ter syde gestel word.

Vervolgens vind ek dit nie nodig om te handel met die verdere argumente van die hoof landdros naamlik die afwesigheid van enige feite grondslag vir die maak van ‘n sogenaamde vergoedings bevel en die nie-nakoming van die audi-reël nie.

4] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

**I) DIE SKULDIGBEVINDING OP AANKLAG 2 WORD BEKRAGTIG.**

**II) DIE “VONNIS” EN SOGENAAMDE VERGOEDINGSBEVEL DIE BESKULDIGDE OPGELÊ OP AANKLAG 2, WORD TER SYDE GESTEL.**

**III) DIE SAAK WORD NA DIE DISTRIKSHOF TERUG VERWYS VIR DIE BEHOORLIKE OPLEGGING VAN ‘N**

**GEPASTE VONNIS OP AANKLAG 2.**

______________________________

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

______________________________

SA Majiedt
**REGTER**